

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(APPELAFDELING).

In die saak tussen:

DIE PROKUREUR-GENERAAL TRANSVAALSE
PROVINSIE.....APPELLANT.

en

FREDERICK WILLEM JACOBUS DU PLESSIS.....RESPONDENT.

CORAM: BOTHA, POTGIETER et MULLER, A.RR.

VERHOOR: 1 NOVEMBER 1971. GELEWER: 4 NOVEMBER 1971.

U I T S P R A A K.

BOTHA, A.R.:

Hierdie is n appèl deur die Prokureur-generaal van Transvaal ingevolge artikel 105 van Wet 32 van 1944 op n regspraak wat die Transvaalse Provinsiale Afdeling op appèl ten gunste van die respondent beslis het.

Die.../2

Die respondent is in die landdroshof op Krugers-
dorp skuldig bevind weens n oortreding van artikel 140 (2)
(a) van Ordonnansie 21 van 1966 (Transvaal) deurdat hy op
26 Februarie 1970 n voertuig op n openbare pad bestuur het
terwyl die persentasie alkohol in sy bloed, uitgedruk in
gramme per honderd milliliter van bloed, nie minder as 0.15
persent was nie. Hy is met die oog op vorige veroordelings
tot ses maande gevangenisstraf gevonniss en sy rybewys is
ingetrek.

Die Transvaalse Afdeling het op appèl beslis dat
die Staat in gebreke gebly het om die nodige toelaatbare
bewyse voor te lê om die bloedmonster wat van die respondent
geneem is te identifiseer met die bloedmonster wat n skei-
kundige, in die diens van die Staat, ondersoek het, en wat
hy by sodanige ondersoek gevind het 0.17 gramme alkohol per
100 milliliter bloed te bevat het. Die skuldigbevinding
van die respondent en die aan hom opgelegde vonnis is ge-
volglik tot niet gemaak. Met verloop van die hof a quo is

die Prokureur-generaal nou in hoër beroep by hierdie Hof teen die beslissing van die Transvaalse Afdeling.

Die respondent was nie by die verhoor van die appèl in hierdie Hof verteenwoordig nie. Volgens mnr. Imber, wat namens die Prokureur-generaal opgetree het, het respondent se prokureurs hom meegedeel dat, aangesien die Staat, indien die appèl sou slaag, aansoek sou doen vir die terugverwysing van die saak na die hof a quo vir die beslissing van die oorblywende gronde van appèl wat namens respondent by daardie hof aanhangig gemaak was, die respondent nie by die verhoor van die appèl in hierdie Hof verteenwoordig sou wees nie. Dit is te betreur dat respondent se prokureurs nie die Griffier van hierdie Hof van respondent se besluit in kennis gestel het nie. Dit sou aansienlike ongerief uitgeskakel het.

Luidens die getuienis in die saak is dit duidelik dat Dr. Louw, n distriksgeneesheer van Krugersdorp, die respondent op 26 Februarie 1971 ondersoek het ten einde

was te stel of hy onder die invloed van drank was, al dan

nie. Tydens die ondersoek het Dr. Louw 'n bloedmonster

van die respondent geneem. Die monster is in die aanwe-

sigheid van inspekteur Potgieter verseël en identifikasie

merk R.O.M. 311/2/70 is daarop aangebring. Daarbenewens

het Dr. Louw die monster met amptelike seël 1365 verseël.

Die verseëelde monster is deur inspekteur Potgieter by die

aanklagkantoor op Krugersdorp ingehandig.

In 'n deur die Staat ingehandigde beëdigde ver-

klaring van ene Maurice Freiman, 'n skeikundige in diens

van die Staat in die Departement van Gesondheid, word ver-

klaar dat -

"On the 27th day of February, 1970 a bottle in a box marked 'Krugersdorp R.O.M. 311/2/70' sealed with Police seal No. 1365 and containing blood, was handed in by Bantu Constable S.J. Molotsi. I submitted the above-mentioned specimen of blood to an examination requiring skill in chemistry and obtained the following result:-
Alcohol : 0.17 gram per 100 milliliter of blood."

Omdat daar geen getuienis was oor hoe die bloed-

monster.../5

monster vanaf inspekteur Potgieter by Maurice Freiman gekom
het nie, het die hof a quo beslis dat daar geen toelaat-
bare bewys was dat die bloedmonster, wat Maurice Freiman
ontleed het, die bloedmonster is wat Dr. Louw van respon-
dent geneem het en aan inspekteur Potgieter oorhandig het
nie.

Die hof a quo het verwys na artikel 239 (4) van
die Strafproseswet, 1955, wat egter slegs voorsiening maak
vir die bewys by wyse van beëdigde verklaring deur sekere
aangewese ampsdraers, behoudens die bepalinge van sub-
artikel (6) van genoemde artikel, van die uitslag van n
ondersoek of proses wat bedrewenheid vereis in, onder meer,
skeikunde. Die bevinding dat die betrokke bloedmonster
in die onderhawige geval 0.17 gramme alkohol per 100 milli-
liter bloed bevat het, was dus behoorlik by wyse van
Maurice Freiman se beëdigde verklaring bewys.

Die hof a quo se aandag was egter nie by die
bepalinge van sub-artikel (4) quin van genoemde artikel

239, soos by artikel 9 van Wet 102 van 1967 ingevoeg, bepaal nie, en daardie bepaling is oor die hoof gesien.

Dit is uit die hof a quo se uitspraak op die Prokureur-generaal se aansoek om verlof om in hoër beroep te gaan, duidelik dat die hof se beslissing anders sou gewees het indien sy aandag inderdaad op die bepaling van bedoelde artikel gevestig sou gewees het.

Daardie sub-artikel bepaal, vir sover hier ter sake, dat -

"In 'n strafsak waarin die ontvangs.... van 'n...monster..... ter sake dienend is, is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens is of was van die Staat.....en dat hy by die verrigting van sy ampspligte 'n monster.....wat in die verklaring beskryf word of wat op 'n aldus beskrewe wyse verpak of gemerk was, ontvang het van 'n in die verklaring vermelde persoon by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, behoudens die bepaling van sub-artikel (6), prima facie - bewys van die feite wat aldus beweer word."

Luidens hierdie bepaling is dit dus duidelik

dat die bewering in Maurice Freiman se beëdigde verklaring dat hy op 27 Februarie 1970 'n bloedmonster gemerk "Krugersdorp R.O.M. 311/2/70" en verseël met polisie-seël No. 1365 ontvang het, behoorlik by wyse van die blote voorlegging van sy beëdigde verklaring prima facie bewys is. Dit volg dus dat die Staat prima facie - bewys voorgelê het dat die bloedmonster wat Dr. Louw op 26 Februarie 1970 van respondent geneem het, en waarop hy die identifiserende merk „R.O.M. 311/2/70" aangebring en met amptelike seël No. 1365 verseël het, deur Maurice Freiman ontvang en deur hom ontleed is. Dit was vir die Staat nie nodig om te bewys hoe die bloedmonster vanaf Dr. Louw by Maurice Freiman uitgekom het nie. Die respondent het geen getuienis aangebied om die prima facie -bewys wat die Staat in hierdie verband voorgelê het, te weerlê nie.

Dit volg dus dat die appèl moet slaag, en dat respondent se skuldigbevinding en die aan hom opgelegde vonnis herstel moet word. Die respondent het sy skuldig-

bevinding.../8

